Helderstem

Sondagaankondigings en Nuusblad vir Helderberg Gemeente 13 Mei 2018 Jr. 7 Nr. 17
www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Leef met ‘n passie vir God

Markus 12:28-31 en Romeine 12

Leef met ’n passie vir God en ’n hart vir mense en ’n wêreld in nood – dit is die woorde waarmee Helderberg Gemeente hom/haar wil vereenselwig. Dit is ons DNA.

Wat sê ons met die woorde: Leef met ’n passie vir God. Ons kan die wonderlikste projekte binne die gemeenskap aanpak; ons kan die beste predikers kry; ons kan die wonderlikste programme en praatjies aanbied, maar as ons nie opgewonde is oor God nie, beteken dit nie veel nie. Jesus se woorde aan die mense wat wou weet: Wat is die grootste gebod?, was: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag. Paulus verwoord dit pragtig in Rom 12:11 - Moenie in julle toewyding verslap nie, bly altyd geesdriftig, dien die Here.

Enige goeie kuns, drama, musiek, argitektuur, poësie word gedryf deur passie. Niks wat die moeite werd is ontstaan sonder passie nie. Passie is wat die lewe energie gee. Passie maak die onmoontlike moontlik. Passie gee jou 'n rede om in die oggend op te staan en te lewe. Sonder passie word alles eentonig en vervelig.

‘n Passievolle God skep ons met passie, lei ons, beskerm ons, sterf aan die kruis vir ons met passie. Passie maak die lewe lekker. Die *Message* sê in 12:30 "Jesus said, ’Love the Lord God with all your passion and prayer and intelligence and energy.’" As jy God wil volg, gee alles. Daarom staan daar in Kol 3:23 wat jy ook al doen, doen dit met jou hele hart vir God.

Leef met ’n passie vir God!

Sondag 13 Mei

Moedersdag

Om met 'n passie vir God te leef
Markus 12 en Romeine 12

08:00	Meditatief	Hannes Theron
08:30	Klassiek	Danie Möller
10:00	Meditatief	Hannes Theron
10:00	Informeel	Lizette Louw
10:00	Jeugaktiwiteite	
09:00	Hoop Geloofsgem	Danie O'Kennedy
10:00	HB Village	Danie Möller
10:30	Internas Studente	Die Khaya
18:00	Tienerkerk en dissipelskapgroepe	Paul Barnard
19:00	Aandkerk	Lizette Louw

Deurkollekte: Dienssentrum

WiFi

Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - x=qupU7H

Leef met 'n passie vir God en 'n hart vir mense en 'n wêreld in nood.

Sondag 20 Mei

Belydenisaflegging

Johannes 15:26-27 en 16:4-15

08:00	Meditatief	Danie O'Kennedy
08:30	Klassiek	Breda Ludik
10:00	Meditatief	Danie O'Kennedy
10:00	Informeel	Paul Barnard
10:00	Jeugaktiwiteite	
09:00	Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00	HB Village	Breda Ludik
10:30	Internas Studente	Die Khaya
18:00	Tienerkerk en dissipelskapgroepe	Paul Barnard
19:00	Aandkerk	Lizette Louw

Bid saam met ons vir die volgende:

Johannes Esterhuizen (jnr) - leukemia
Helene Swart - kanker
Roenel Swart - ernstig siek
Desiré Groenewald - kanker
Annelize Kritzinger se pa, Hannes Jansen van Vuuren - kanker

Rou
Ons dink aan Sakkie en Jeannie Nieuwoudt wie se seun, Sean oorlede is.

Ons is op soek na nog mense wat kan deel wees van die **klankspanne** by die oggenddienste, kontak asseblief vir Corneille by aanbidding@nghelder.co.za

Wat gebeur die week:

Dinsdag 15 Mei
06:00 Gesels en bid vir ons land - Tent

Woensdag 16 Mei
10:00 DIY-oggend
18:00 Rentmeesterspan
19:00 Doopgesprek - gesprekskamer
19:00 Belydenisgesprek - Kapel

Donderdag 17 Mei
08:45 Bybelstudie
17:30 DC, S&P, DC4K en GS
18:45 Kantory

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Hennie en Sterna Albertyn – Strand
Liesl De Kock – Centurion
Johan Olivier – Strand-Noord

Wil jy 'n klavier verkoop?

Ons is op soek na 'n klavier vir die Kapel. Ons het 'n donasie gekry, maar is nou op soek na 'n klavier.
Kontak asseblief Ontvangs indien jy een het om te verkoop by 021-851 5582

Werkswinkel in gebed van stilte

'n Inleidende werkswinkel in die gebed van stilte (centering prayer) word aangebied deur Contemplative Outreach SA Western Cape

Die gebed van stilte (centering prayer) is 'n praktyk van rus in en wag op God, van instemming tot die teenwoordigheid en werk van Christus in die stilte van jou wese, van verdieping van jou persoonlike verhouding met God.

Datum: Saterdag 2 Junie 2018
Registrasie: By die kerkkantoor (021-851 5582) en ook by die Kapel vanaf 08:45 op 2 Junie
Werkswinkel: 09:00 -13:00 in die Kapel
Navrae: Kontak gerus Breda Ludik by 083 375 8440

Geen koste verbonde, maar 'n vrywillige donasie sal waardeer word.

DIY-oggend met mosaik

Wanneer: 16 Mei
Waar: Die Tent
Tyd: 10:00-12:00
Tema: Ons gaan saam mosaik (jy is welkom om enige iets saam te bring wat jy dink ons kan gebruik)

ALMAL IS WELKOM. Ons maak saam iets en kuier lekker saam.

Donasies gaan vir Helderberg Beradingsentrum.

Navrae: Meagin 021 851 5582

Sing ‘n nuwe lied vir die Here

Ons is bevoorreg om op Sondag 13 Mei by ons klassieke diens die *Cantate Dominum - Canticum Novum* te ontvang. Hulle is een van die oudste kore in Suid Afrika en reeds gestig in 1959.

Canticum Novum is die enigste koor in die land wat slegs gewyde musiek sing en terselfdertyd net uit studente bestaan. Voltyds aan die Moedergemeente op Stellenbosch gekoppel, is *Canticum Novum* ook 'n verhoogkoor wat in hul repertorium 'n wye verskeidenheid sing. Werke wissel van Monteverdi tot Spirituals. Vir hulle wat in die koor sing, sowel as hulle wat kom luister, leef die waarde van die koor in die groei wat dit in mense se lewens teweegbring. Dit is die herinneringe van die Here saam loof, die mistieke band tussen hulle wat in 'n heilige lied deel - om in 'n gewyde oomblik deur die woorde en musiek diep geraak te word dat dit jou lewe merkwaardig verander.

Donasies sal waardeer word vir ...

Holiday Klub gedurende die vakansie, 24–29 Junie, bied ons vir ongeveer 100 kinders ‘n Christelike program aan. Vanjaar se tema is *4 x 4 Adventure* wat die kinders op ‘n avontuur deur die woestyngebeure van Eksodus neem. Kinders kry elke dag ‘n bederfie en daarvoor benodig ons die volgende: Ontbytpappe, langlewe melk, *hot chocolate*, suiker, sapkonsentraat en koekies. Donansies kan by die kerkkantoor afgegee word. Merk asb. duidelik “Holiday Klub”.

Navrae: Lizl Botha 021-8515582

Herontdek die klanke van klassieke kitaar

"*Nothing is more beautiful than a guitar, save perhaps two*."
Frederic Chopin

Klassieke kitaar is strelend, persoonlik, tasbaar, intiem. Stellenbosch Universiteit se klassieke kitaarspelers is weereens gereed om Helderberg met hulle talent en passie op hierdie praginstrument te betower.

Hierdie unieke kitaar konsert vorm deel van die Klassieke Klanke konsertreeks, wat deur Helderberg Gemeente aangebied word op **Sondag 20 Mei** om 15:00. Die konsertprogram is saamgestel uit werke van Bach, Barrios, Castelnuovo-Tedesco, Dyens, Ponce, Pujol, Villa-Lobos en Rodrigo. Te oordeel aan hulle optrede verlede jaar, beloof hierdie om 'n uiters genotvolle middag te wees.

Verversings word voor en na afloop van die konsert verkoop en ons wil jou graag aanmoedig om skouers te skuur saam met ander klassieke musiekliefhebbers rondom 'n koppie koffie. Alle Klassieke Klanke konserte is gratis, maar donasies vir verdere ontwikkeling van klassieke musiek en plaaslike talent word hoog op prys gestel. Geen besprekings nodig.

Vir enige verdere inligting, kontak gerus die Klassieke Klanke musiekdirekteur, Yolanda Botha by helderbergconcerts@gmail.com of gaan na die webtuiste helderbergconcerts.business.site.

Koffie-kultuur

Op **Vrydagaand, 25 Mei** om 18:30 hou ons 'n koffie-waarderingsaand waar jy meer oor die koffieproses kan leer en daarmee saam word 'n "coffee pairing" gedoen. Kaartjies teen R150 pp moet vooraf by Ontvangs gekoop word of kontak my gerus. Dit is 'n heerlike ervaring en gaan maak dat jy nooit weer dieselfde na koffie kyk nie.

Nooi ook mense om na die oggenddienste saam in die Tent te kom kuier sodat die Tent die kuiertuiste vir almal word.

Navrae en voorstelle:
Corneille Barnard by aanbidding@ghelder.co.za

Dienssentrum sê dankie

Baie dankie aan ieder en elk vir julle skenkings die afgelope week en ook oor die weke en jare. Sonder skenkings is daar nie 'n doel vir die Dienssentrum nie.

Op die oomblik gee ons kos aan 1 900 mense per week.

Baie dankie aan …

- Die winkels wat brood en groente op 'n weeklikse basis aan die Dienssentrum skenk om te verpak en dan weer te versprei.
- Die voertuigskenking wat die oplaai en aflaai van die brood en groente moontlik maak.
- Die kosprodukte, klere en huisraad wat op gereelde basis by die Dienssentrum afgelaai word, word opreg waardeer. Dit wat ons projekte nie self kan gebruik nie word verder as net die Helderbergkom versprei.
- Die finansiële bydraes van lidmate.
- Die kosbare tyd wat vrywilligers spandeer om te help by die Dienssentrum.

'We make a living by what we get, but we make a life by what we give'

Yolandé
Dienssentrum by 021-850 6911 of 021-850 6912

Helderberg UITREIK

Holiday Club leiers

Die “Holiday Club” word die eerste week van die Junie vakansie aangebied, **24 Junie tot 29 Junie** 2018.

Tieners vanaf graad 7 word genooi om deel te wees van hierdie geleentheid.

Opleiding en oriëntering vind plaas op 25 Mei om 18:30 waar alle inligting van wat, waar en hoe deurgegee sal word.

Inskrywingsvorm is op Helderberg Gemeente se webblad beskikbaar by Bedieninge/Familiebediening of by die kerkkantoor.

Sluitingsdatum vir inskrywings: 8 June 2018
Inskrywingsfooi vir die week met etes ingesluit is R200, EFT aan:
Methodist Church of Southern Africa
First National Bank, Somerset West
Rek nr: 5368 1047 214
Takkode: 200512
Verwysing: HC + naam

Navrae: Lizl Botha 084 8002 764

Kinderevangelisasie gaan kamp

Die Kinderevangelisasie projek het die naweek van vanaf 11-13 Mei ‘n kamp vir omtrent 50 gr 4-6 kinders uit ons klubs, op Kleinmond.

Ons tema is “Amazing Race@ Kruis”. Met die Olimpiese Spele in gedagte gaan ons lekker aktiwiteite doen oor die Christelike wedloop. Ons wil graag **voorbidding** vra vir die kinders – veral ook dat hul na die kamp dit wat hul geleer het prakties sal kan toepas en sterk sal kan staan.

Vir sommige kinders van o.a. Sir Lowry’s Pass, Chris Nissen Park en Strand, is dit moeilik om te betaal vir die kamp. Kontak ons gerus as jy kans sien om ‘n kind te borg vir die kamp teen R150 of enige ander bedrag.

Bankbesonderhede:
Helderberg Uitreik
ABSA Somerset-Wes
Rek: 2900590094
Takkode: 632005
Verwysingng:
Kinderevangelisasie kamp

Navrae:
Minette Krog by 083 655 0111 of
Sus van Niekerk by
021-020 1275 of 076 756 4581

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 19:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A.
ABSA Helderberg Tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021 851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Versorgingsfonds, ons is dankbaar vir ondersteuning

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun.
Dankie vir getroue bydraes.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*